

APRIL 1983

NO. 24

Redaksie/Editorial staff

Mnr/Mr J. Haasbroek
(Redakteur/Editor)
Mnr/Mr J.J. Oberholzer
Dr C.M. Engelbrecht
Dr C.D. Lynch
Mnr/Mr E. Botha
(Kunstenaar/Artist)
Mnr/Mr J. Pretorius
(Fotograaf/Photographer)
Mev./Mrs H. de Villiers
(Setwerk/Typesetting)

Museumnuus is 'n gratis ses-maandelikse nuusbrief van die Nasionale Museum, Posbus 266, Bloemfontein, 9300. Tel. (051) 79609. Enige foto's of inligting in hierdie nuusbrief mag met erkenning van die bron gereproduuseer word.

Museum News is a free bi-annual newsletter of the National Museum, P.O. Box 266, Bloemfontein, 9300, Tel (051) 79609. Any photographs or information published in this newsletter may be reproduced with acknowledgement of the source.

INHOUD CONTENTS

	Bladsy	Page
Redaksioneel	2	
Nasionale Museum Rekenaris (J.H. van Wyk)	3	
The Rock Elephant Shrew (C.D. Lynch)	4	
Die Reptiele van die Oranje-Vrystaat Deel 2 (J.H. van Wyk)	6	
Voëlberinging Deel 1 (R.A. Earle)	9	
Die Passasierkrip <i>BLOEMFONTEIN</i> (L.M. Potgieter)	12	
Die Grand-teater (D.A. van der Bank)	14	
Die Organisasie van die Nasionale Museum/ The Organization of the National Museum	18	
Die Os, getroue trekdier (J. Haasbroek)	24	
Fossil Beetles (S. Louw)	26	
Stukkies en Brokkies/Odds and Ends	28	

VOORBLAD/FRONT COVER

Die Grand-teater in Bloemfontein wat in 1956 gesloop is./The Grand Theatre in Bloemfontein which was demolished in 1956.

REDAKSIONEEL

Die publiek staan dikwels oningelig teenoor die feit dat daar 'n miernes van bedrywigheide in elke groot museum is. Die algemene en verkeerde opvatting is dat 'n museum se uitstalruimte eenmalig benut word en dat dit dan passief lê en wag om deur belangstellendes besoek te word.

Dit is inderdaad nie so niel Museums is geen stagnante instellings nie. Daar is gedurigdeur 'n verskeidenheid van werkzaamhede aan die gang: versameltogte word onderneem, navorsing word gedoen, nuwe uitstellings word beplan, ens. Dit is noodsaaklik vanweë die toenemende eise wat deur die gemeenskap aan museums gestel word dat dit funksioneel sal aanpas by 'n snel ontwikkelende en veranderende wêreld. Museums poog ook voortdurend om deur verbeterde uitstaltegnieke, meer akkurate en meer omvattende beskrywings 'n interessante en leersame opvoedkundige diens daar te stel.

Die belangrike en waardevolle rol wat museums op die gebied van navorsing en uitstellings speel, kom duidelik na vore in die woorde van C.K. Brain, voormalige president van die Suider-Afrikaanse Museumvereniging : "For many centuries museums have served as centres for the safe-keeping of articles, relevant to our past and present, and to the natural world of which we form a part. So it has become the privilege and pleasure of those who make their professions in museums, to establish and expand collections, and to interpret these for their visiting public; to trace the progress of humanity from primitive beginnings, to bring to life our own history culture and to show something of the natural wonderland that surrounds us."

'n Museum het 'n opgeleide personeel op verskeie terreine nodig om bogenoemde doelstellings te verwesenlik. Op bladsy 18 van hierdie uitgawe verskyn 'n uiteensetting van die organisasie van die Nasionale Museum in Bloemfontein waarvolgens duidelik waargeneem kan word hoe groot die omvang van die personeel is om die wiele aan die rol te hou.

J. Haasbroek

Redakteur